NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VAN DIE S.A.S.K. GEHOU OP 18 OKTOBER 1950.

TEENWOORDIG: Di. W.R. de Kock, P.N.V. de Lange en die Algemene Sendingsekretaris.

Die Voorsitter open die vergadering met gebed.

Die notule van die vorige vergadering word gelees en goed gekeur.

(1) ENKELDOORN:

Die Sekretaris gee verdere inligting en deel aan die vergadering mee dat 'n Raadskommissie vergadering byeen geroep is te Gwelo op Vrydag, 20 Oktober, om die saak daar te bespreek. Aan die Sekretaris word opgedra om na bevind van sake te handel.

(2) (a) SALARIS VIR VERLOFMAAND: MNR. P. BADENHORST, WITZIESHOEK:

Volgens notule van Witzieshoek Plaaslike Raad word aanbeveel dat daardie maand se salaris deur die S.A.S.K. betaal sal word, waar die Departement van Onderwys weier om dit te doen. Die Uitvoerende Kommissie sien egter nie kans daartoe nie. Die Voorsitter sal verdere poginge aanwend om 'n lening te vind vir mnr. Badenhorst met die oog op sy studie te Wellington.

(b) KLASKAMERS TE WITZIESHOEK:

Die Sekretaris verduidelik dat weens buitengewone omstandighede wat daar in Witzieshoek heers, die klaskamers nie klaar gemaak kan word teen £240 nie. Daar is dus aansoek gedoen om 'n verdere lening van £540 om die 9 klaskamers te voltooi. Dit word goedgekeur deur die Uitvoerende Kommissie.

(c) WATER EN LIG BY HOSPITAAL:

Die Sekretaris verduidelik dat daar nie alleen water en lig nodig is by die hospitaal nie, maar ook die nodige elektriese krag vir 'n Röntgen apparaat ens. Die Hospitaalraad het gemeen dat ons dit alles deur een toestel kan kry. Ondersoek by bevoegde outoriteite het egter aan die lig gebring dat so 'n stelsel heeltemal onekonomies is.

Die vergadering besluit dat eers die nodige apparaat vir die lewering van water en lig sal aangebring word en as dit later nodig is, 'n ander toestel vir die Röntgen apparaat aan te bring.

(d) VERGROTING HOSPITAAL:

Die Sekretaris gee uitvoerige verslag van 'n onderhoud met die Sekretaris van Gesondheid en die Sekretaris van die Verpleegstersraad en deel mee dat daar min hoop bestaan dat ons op Witzieshoek 'n verpleegstersentrum sal verkry. Met die oog daarop het hy 'n informele bespreking gehad met vier lede van die Uitvoerende Komitee en aansoek gedoen dat die voorwaarde verbind aan hulle belofte om 'n proforma lening toe te staan vir die vergroting van die hospitaal, verwyder sal word. Hulle het beloof om dit in ernstige oorweging te neem. Dit word goedgekeur deur die vergadering.

(3) BRIEF VAN KWEEKSKOOL STUDENT: ROTHMANN:

Hy vra of die Vrystaatse kerk hom nie kan help met die afbetaling van studieskuld nie. Die vergadering sien nie sy weg oop om hieraan iets te doen nie.

(4) REISKOSTE MNR. WILLIE ROSSOUW:

Mnr. Rossouw kom uit vir studie terwyl hy nog nie 'n volle term in die Sendingveld was na sy laaste verlof nie. Die vergadering besluit dat aan hom onder omstandighede reiskoste betaal sal word teen die prys van 'n enkelkaartjie. Verder laat die vergadering dit oor aan die Sekretaris en mnr. Rossouw om reëlings te tref in verband met sy studiekoste te Wellington.

(5) BEROEP WITZIESHOEK:

Die Sekretaris lê 'n nominasielys wat hy ontvang het van die Konsulent van Witzieshoek gemeente, voor, waarop die volgende name voorkom:

Eerw. F.A. Bester	:	Vroeër van Bloemfontein.
Eerw. J.L. Durand	:	Warden.
Eerw. A.A. Odendaal	:	Stofberg.
Eerw. G.C. Olivier	:	Zebediela.
Eerw. J.P.H. Wessels	:	Bloemfontein-Noord.
Moruti I. Lekhula	:	Trompsburg.
Eerw. B.J. Odendaal	:	Bloemfontein-Wes.
Eerw. P.J. Bloem	:	Bethlehem.
Eerw. J.H. Ries	:	Harrismith.

Uit hierdie lys word Eerw, B.J.Odendaal van Bloemfontein gekies as leraar van Witzieshoek, teen dieselfde salaris en voorwaardes van Dr. C.H. Badenhorst,

(6) BRIEF MNR. I.D.B. COETZER:

Hy vra om 'n lening van £30 en hy onderneem om £5 maandeliks af te betaal. Dit word toegestaan.

(7) SPOORWEGSENDING:

Die Sekretaris lê 'n brief voor van die Hoofbestuurder van Spoorweë in antwoord op sy skrywe, waarin die Hoofbestuurder aan die hand gee dat 3d per maand van blanke lede op die Spoorweg gevra sal word vir die arbeid onder naturelle. Die vergadering besluit dat hy nie teen die voorstel van die Hoofbestuurder is nie, maar meen tog dat ook die naturelle 'n teen-prestasie moet lewer en dat daar ook van hulle die nodige bydrae gevra sal word.

Die Sekretaris deel verder mee dat die A.S.K. van die N.G, Sendingkerk besluit het om hulle medewerking in verband met die Spoorwegsending onder naturelle toe te sê.

(8) NOTULE O.R.K.:

Voorts word die notule van die O.R.K. behandel.

(a) DOKTERSKAR: (Punt 23).

(e) Die vergadering besluit dat met die oog op die moontlikheid van 'n tweede dokter, die kar nie verkoop moet word nie.

3/ .....

(b) GESONDHEID EN VEILIGHEID VAN DIE PERSONEEL: (Punt 25).

Die vergadering neem met dank hiervan.kennis en hoop dat dit deur die personeel streng in ag geneem sal word.

(c) GRAFSTEEN WYLE MEJ. KRIGE: (Punt 29).

Die Uitvoerende Kommissie versoek die O.R.K. om die S.A.S.K. te adviseer omtrent die vorm wat die grafsteen sal aanneem. Vir hierdie doel is daar 'n £50 tot ons beskikking en sal graag suggesties wil ontvang.

(d) BRIEF VAN BEDANKING VAN MNR. P. MULLER: (Punt 33 (b)).

Die Sekretaris rapporteer dat hy aan Br. Muller geskryf het om tog nog langer aan te bly, waar ons besig is om poginge aan te wend teneinde verandering aan te bring in die salarisskale van werkers en werksters.

(e) TOELAE REGERING MELAATSE KOLONIE: (Punt 54).

Dit word opgedra aan die Sekretaris om uit te vind of alle medisyne deur die Regering betaal word. Die Uitvoerende Kommissie wil nie van hierdie fondse gebruik vir ander Sending uitgawes nie en sal, nadat die salarisse van die werksters daar betaal is, alle gelde vir dié doel gee in belang van die kolonie self.

(f) KAMOTO WOONHUIS: (Punt 56).

Die rapport van die Kommissie van Rationarii word gelees, waaruit blyk dat die huis £1247.9.11 kos. Dit sluit nie die salaris van die Boumeester in nie en laat 'n tekort van £152.15.11. Die Uitvoerende Kommissie besluit dat hy geen reg het om hierdie geld te betaal nie en verwys hierdie saak na die S.A.S.K.

(g) NUWE KOSHUISGEBOU V.G. SKOOL: (Punt 63).

Ook hierdie saak word verwys na die S.A.S.K. en dit word opgedra aan die Sekretaris om ook te onderhandel met die Armsorgkommissie in verband hiermee.

Ds. de Lange sluit die vergadering met gebed.

.....
VOORSITTER.

.....
.....